

SEFANJA

Inleiding

Naam van die boek

Die boek *Sefanja* is vernoem na die profeet wie se profesieë in die boek opgeneem is. Dit vorm ook deel van die *Boek van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*.

Tyd en plek van ontstaan

Die profeet Sefanja – sy naam beteken “deur God verberg” – het teen die einde van die sewende eeu vC opgetree, waarskynlik voor die hervorming van koning Josia in 622 vC. Hy was 'n tydgenoot van Jeremia.

Skrywer

Dit is moontlik dat die Hiskia waarna in 1:1 as een van sy voorouers verwys word, koning Hiskia was en dat Sefanja dus van koninklike afkoms was.

Lesers

Die profesieë was gerig tot die inwoners van Juda en Jerusalem in die tyd wat die hervorming van Josia voorafgegaan het. Die boek is waarskynlik eers later voltooi, gemik op die mense in die ballingskap om hulle te verseker dat God regeer.

Kenmerke

Die profesieë van Sefanja het die mense in die tyd van Josia tot

bekering opgeroep. Die boek bevat ook profesieë teen die omringende nasies. Mooi en ritmiese taalgebruik is kenmerkend van die boek.

Temas en motiewe

Sefanja bring hoofsaaklik 'n oordeelsprofesie, teenoor sowel Israel se vyande as Israel self. Hy voorspel “die dag van die Here”, 'n oordeelsdag wanneer God deur fisiese verwoesting 'n oordeel oor sondaars sal voltrek. Die oordeelsprofesie gaan ook saam met 'n oproep tot bekering.

Hy profeteer egter ook dat 'n klein groepie mense uit Israel sal oorbly, en hulle sal God dien deur lofsange en deur medemenslikheid. Die gebroke verhouding tussen God en sy geliefdes word dan weer herstel.

Opbou van die boek

Die drie hoofstukke waarin *Sefanja* verdeel is, is 'n getroue weerspieëling van die hooftemas wat in die teks ter sprake kom.

1:1-18 Die oordeel op die dag van die Here

2:1-15 Die oordeel van God en 'n oproep tot bekering

3:1-20 Oordeelsprofesie teen Jerusalem self. Die oordeelsdag verteenwoordig egter ook 'n wending, deurdat God genade bewys en die verhouding met sy mense herstel.

1

¹ Dit is die woord van die HERE aan Sefanja, seun van Kusi, seun van Gedalja, seun van Amarja, seun van Hiskia in die tyd van Josia, seun van Amon, koning van Juda.

Die dag van die HERE

² Ek gaan beslis alles van die aardbodem af wegvee,
is die uitspraak van die HERE.

³ Ek gaan mens en dier uitwis.

Ek gaan die voëls in die lug en die visse in die see uitwis,
en die struikelblokke* saam met die goddeloses.

Ek gaan die mensdom afmaai van die aardbodem af,
is die uitspraak van die HERE.*

⁴ Ek gaan my hand teen Juda en al die inwoners van Jerusalem
uitstrek.

Ek gaan uit hierdie plek alles wat van Baäl oorgebly het, uitroei,
die name van die afgodsdienaars, asook die priesters.

⁵ Ook diegene wat op die dakke voor die hemelliggame^a neerbuig;
diegene wat neerbuig, wat by die HERE 'n eed sweer
én ook by hulle koning^b 'n eed sweer;

⁶ diegene wat van die HERE af weggedraai het,
hulle wat die HERE nie opsoek nie
en Hom nie raadpleeg nie.

⁷ Wees stil voor my Heer, die HERE,
want die dag van die HERE is naby.

*1:3 Sef 1:5-6

*1:3 Matt 13:41

^a1:5 *hemelliggame*: In die Hebreeus kan hierdie woord na sowel hemelliggame as hemelwesens verwys.

^b1:5 *koning*: Sommige vertaal “Milkom”; dit verwys na die afgod Molek.

Ja, die HERE het 'n offer voorberei;

Hy het sy genooies geheilig.

⁸ En op die HERE se offerdag gaan die volgende gebeur:

Ek gaan afreken met die leiers, die koning se seuns
en almal wat uitheemse klere dra.

⁹ Ek gaan op daardie dag afreken met elkeen
wat uit bygeloof^c oor die drumpel spring,
wat die huis van hulle heersers^d met geweld en bedrog vul.

¹⁰ Op daardie dag,

dit is die uitspraak van die HERE,
klink daar 'n noodkreet uit die Vispoort,
'n gekerm uit die nuwe stadsdeel,
'n groot gekraak uit die heuwels.^e

¹¹ Weeklaag, inwoners van die markdistrik,^f
want al die handelaars het stil geword;
almal wat silwer afweeg, is uitgeroei.

¹² In daardie tyd gaan dít gebeur:

Ek gaan Jerusalem met lampe fynkam,
Ek gaan afreken met die manne
wat vasgeval het in hulle droesem,

^c1:9 *uit bygeloof*: Die woorde kom nie in die bronteks voor nie; vgl 1 Sam 5:5.

^d1:9 *heersers*: Dit kan verwys na konings of afgode.

^e1:10 *heuwels*: Dit het hier heel moontlik die konnotasie van afgodsaanbidding.

^f1:11 *markdistrik*: Die woord kan ook met “vysel” vertaal word. Die betekenis is nie duidelik nie, maar dit kan dalk verwys na 'n deel van Jerusalem wat in 'n kom lê en waar die mark geleë was.

wat in hulle hart sê
die HERE doen nie goed nie
en Hy doen nie kwaad nie.

¹³ Hulle rykdom gaan buit word
en hulle huise sal verlate staan.

Hulle gaan huise bou,
maar nie daarin woon nie;
hulle gaan wingerde plant,
maar nie die wyn daarvan drink nie.

¹⁴ Naby is die groot dag van die HERE,
naby en baie vinnig aan die kom.
Luister! Die dag van die HERE!
Dan skreeu die held bitterlik!

¹⁵ Daardie dag is 'n dag van toorn,
'n dag van benoudheid en kwelling;
'n dag van verwoesting en vernietiging,
'n dag van donkerte en duisternis,
'n dag van digte en dreigende wolke,
¹⁶ 'n dag waarop die ramshoring en oorlogskrete
oor die versterkte stede
en oor die hoë hoektorings weergalm.

¹⁷ Ek gaan die mensdom in die noute bring,
hulle sal soos blindes voortstropel,
want hulle het teen die HERE gesondig.
Hulle bloed sal uitgegiet word soos stof,

hulle ingewande soos drek.

¹⁸ Nóg hulle goud, nóg hulle silwer sal hulle kan red
op die dag van die toorn van die HERE.

In die vuur van sy drif
sal die hele aarde verteer word;
ja, 'n gruwelike verwoesting
bring Hy oor al die aardbewoners.

2

Oordeel oor die nasies

¹ Ruk julleself reg, kom bymekaar,
skaamtelose nasie,

² voor die bestemde tyd aanbreek
– 'n dag vergaan soos kaf! –

voordat die HERE se gloeiende woede julle inhaal,
voordat die dag van die HERE se woede julle inhaal.

³ Soek die HERE, al die nederiges van die land
wat sy opdrag uitgevoer het.

Soek geregtigheid, soek nederigheid;
miskien vind julle 'n skuilplek
op die dag van die HERE se woede.

⁴ Want Gasa gaan verlate lê
en Askelon gaan 'n woesteny word.
Asdod sal helder oordag uitgedryf word
en Ekron sal ontwortel word.

⁵ Ellende wag op julle, Kretensers,

inwoners van die kusstreek!

Die woord van die HERE is teen julle.

Kanaän, land van die Filistyne,

Ek sal jou vernietig, tot daar geen inwoners oor is nie.

⁶ Die kusstreek sal vir skaapwagters weivelde wees
en vir kleinvee krale.

⁷ Die streek sal behoort aan die oorblyfsel van die huis van Juda;
hulle sal daar wei en saans in Askelon se huise gaan lê;
want die HERE, hulle God, sal vir hulle sorg
en hulle lot verander.

⁸ Ek het die gespot van Moab gehoor,
die skeldtaal waarmee die kinders van Ammon
my volk verag en op hulle grondgebied neersien.⁹

⁹ Daarom, so seker as wat Ek leef
– dit is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte, die God van Israel –
Moab sal soos Sodom word
en die kinders van Ammon soos Gomorra:
'n gebied oortrek met onkruid,
vol soutputte, 'n onherbergsame plek vir altyd.
Die oorblyfsel van my volk sal hulle stede^h plunder
en die res van my nasie sal hulle gebiedⁱ as erfdeel verkry.
¹⁰ Dit is wat hulle verwaandheid oor hulle gebring het,

⁹2:8 *en op ... neersien*: Letterlik “en hulle groot hou teenoor hulle grondgebied”.

^h2:9 *stede*: Dit ontbreek in die bronteks.

ⁱ2:9 *gebied*: Dit ontbreek in die bronteks.

hulle het immers die volk van die HERE,
Heerser oor alle magte, gespot en op hulle neergesien.*

¹¹ Vreesaanjaend sal die HERE vir hulle wees;

Hy het immers al die gode van die aarde laat wegkwyn.

So sal dan elke bewoner van al die kusstreke,
elkeen vanuit sy woonplek, diep voor Hom neerbuig* –

¹² ook julle, Kussiete, wat deur my swaard deurboor is.

¹³ Hy sal sy hand teen die noorde uitstrek

en Assirië vernietig;

Hy sal Nineve 'n verlate plek maak,

dor soos 'n woestyn.

¹⁴ Allerhande diere sal in troppe daar gaan lê,

kraaie én uile sal op die pilare oornag

en hulle geluide sal deur die gate in die mure eggo.

Puin sal op die drumpel lê,

ja, die sederhout sal rondlê.

¹⁵ Dít is wat sal word van die oormoedige stad

wat so kommervry leef,

wat in haar hart sê:

“Ek is die een, niemand anders nie.”

Hoe verlate is sy, 'n lêplek vir diere.

Elkeen wat daar verbyloop sal fluit en sy hande saamslaan.^j

*2:10 2:8

*2:11 Dan 7:14

^j2:15 *fluit ... saamslaan*: Dit is simboliese handeling wat verbasing en leedvermaak aandui.

3

Oordeel oor die gewelddadige stad

¹ Ellende wag op die gewelddadige stad,
so vuil en besoedeld.

² Sy^k het na geen stem geluister nie,
geen teregwysing aanvaar nie.

Op die HERE het sy nie vertrou nie,
tot haar God het sy nie genader nie.

³ Die hoë amptenare in die stad is brullende leeus,
haar regters is nagwolwe
wat niks tot die oggend laat oorbly nie.

⁴ Haar profete is vermetel, verraderlike mense,
haar priesters ontheilig wat heilig is
en doen die wet geweld aan.

⁵ Die HERE is regverdig in die stad,
Hy doen geen onreg nie.

Oggend na oggend gee Hy sy beslissings as die lig,^l
dit ontbreek nooit nie;
maar die goddelose ken geen skaamte nie.

⁶ Ek het nasies uitgewis, hulle hoekvestings staan verlate.
Ek het hulle strate in puin gelê – niemand loop daar nie.
Hulle stede lê verwoes – sonder mense, sonder inwoners.

⁷ Ek het gedink: “Jy sal beslis vir my ontsag hê,

^k3:2 *Sy*: Nineve word in die bronteks as 'n vrou voorgestel.

^l3:5 *Oggend ... lig*: Die bronteks is moeilik verstaanbaar en kan ook anders vertaal word.

jy sal die teregwysing aanvaar.”

Dan sou haar woonplek nie verwoes word nie –
alles wat Ek oor haar bepaal het.

Maar nogtans was hulle ywerig om net slegte dade te bly doen.

⁸ Daarom moet julle My verwag

– dit is die uitspraak van die HERE –
daardie dag as Ek opstaan vir die buit.

Want my beslissing is:

om nasies te versamel en koninkryke bymekaar te maak,
om my verontwaardiging, al my siedende toorn,
oor hulle uit te giet;*
want deur my vurige drif sal die hele aarde verteer word.

⁹ Ja, daarna sal Ek weer volke se lippe rein maak,
sodat almal die HERE se Naam aanroep
en Hom skouer aan skouer dien.

¹⁰ Van anderkant Kus se riviere sal hulle wat My aanbid,
wat Ek verstrooi het, offers aan My bring.

¹¹ Op daardie dag sal jy jou nie skaam oor al jou dade
waarmee jy teen My in opstand gekom het nie,
want dan sal Ek jou hoogmoedige grootpraters uit jou midde
verwyder.

Jy sal nie langer selfvoldaan wees op my heilige berg nie.

¹² Ek sal in jou midde 'n nederige en arm volk laat oorbly,
en hulle sal in die HERE se Naam skuiling vind.

¹³ Die oorblyfsel van Israel sal nie onreg doen en leuens vertel nie;

*3:8 om my ... te giet: Op 16:1

'n bedrieglike tong sal nie in hulle mond te vinde wees nie.*

Ja, hulle is diegene wat sal wei en gaan lê
sonder dat iemand hulle die skrik op die lyf jaag.

¹⁴ Jubel van vreugde, dogter van Sion,
roep dit uit, Israel!

Verbly en verheug jou met jou hele hart, dogter van Jerusalem!

¹⁵ Die HERE het die oordele oor jou afgewend,
jou vyande uit die weg geruim.

Die Koning van Israel, die HERE, is in jou midde;*
jy sal geen onheil meer vrees nie.

¹⁶ Op daardie dag sal vir Jerusalem gesê word:

Moenie vrees nie, Sion;
moenie jou hande laat slap hang nie.

¹⁷ Die HERE jou God is in jou midde,
'n held wat bevry.

Hy verheug Hom met blydskap oor jou,
Hy maak jou nuut^m met sy liefde.

Hy sal met uitroep van vreugde oor jou jubel.

¹⁸ Die getreur by die fees sal Ek van jou af wegneem,ⁿ
dit is 'n las op jou, 'n skande.

¹⁹ Kyk, Ek sal dan afreken met almal

*3:13 Op 14:5

*3:15 Joh 1:49

^m3:17 *Hy ... nuut*: Die lesing van die Septuaginta word hier gevolg. Die bronteks lui "Hy is stil".

ⁿ3:18 *Die getreur ... wegneem*: Die bronteks is moeilik verstaanbaar en kan ook anders vertaal word.

wat jou in daardie tyd verdruk het.

Ek sal die verlamdes red

en diegene wat uitmekaar gejaag is, bymekaar maak.

Ek sal hulle roem en aansien gee

in elke land waar hulle verneder is.

²⁰ In daardie tyd sal ek julle laat kom,

terselfdertyd sal ek julle bymekaar maak.

Ja, Ek sal vir julle onder al die nasies op aarde aansien en roem gee

wanneer Ek julle lot voor julle oë verander, sê die HERE.